# 'n Pot vol Winter

# - Maretha Maartens -



-Anri Dames-
-13426710-

Wie van lees hou, is nooit alleen nie...



Maretha Maartens verkies gumbootdanse bo boksgevegte; orrel- en vioolmusiek bo doedelsak; eet bo dieet; lees bo televisie – en haar rekenaar bo haar stoof. Geen wonder sy het omtrent al 90 boeke geskryf nie!

# 'n Paar feite:

- Gebore op 22 Junie in die laaste oorlog te Bloemfontein.
- Groei op in Jacobsdal en Petrusburg, studeer aan die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Stellenbosch en volg ook 'n diploma-kursus in verpleging.
- Was dosent in Didaktiek en aflosdosent in Opvoedingsfilosofie.
- Getroud met Hennie Maartens. Hennie en Maretha was leraarspaar in drie gemeentes van die NG Kerk, t.w. Oos-Londen Moedergemeente, Welkom Moedergemeente en Noordhoek, Bloemfontein.
- Sy verkies Hennie bo enige ander man op aarde;

- kindergeselskap bo *small talk*; versiersuiker bo die koek; stap en swem bo draf of sink; snorkel bo 10,000 ander aktiwiteit; Vrystaatse reën bo Londonse reën; orde bo wanorde; lig leef bo opgaar; 'n half-leë klerekas bo 'n driekwart-vol klerekas; Midde-Oosterse argeologie bo insae in die liefdeslewe van filmsterre.

# ’n Pot vol Winter - Flapteks

As Elizabeth dié aand toe die fliek vol bespreek was, maar daarop aangedring het om huistoe te gaan, sou sy nie alles op di eberg weggegooi het nie. Sou sy nog wou leef…

Maar sy het nie…

Dit is in die ryptyd dat Elizabeth agterkom haar pa en ma het makaar nie meer lief nie. Dit is ook in dié tyd dat Kurt vir ’n paar dae huis toe kom van die Grens af – Kurt wat al meer begin praat oor ‘liefde maak’. Elizabeth wens hy wil uit haar lewe padgee – al het sy juis nou iemand nodig om mee te praat. Want sy weet way hy sal sê: “Jiss, dis bad. Jiss, dis bad.” Dis al wyat hy sal sê. En om die Here aan te roep, help nie. Vir haar en Talla het Hy vergeet.

*’n Pot vol Winter* is geskryf vir jong volwassenes… met insig en verantwoordelikheid verwoord Maretha Maartens die ontsetting van ’n jong meisie se nood en bring so noodsaaklike vernuwing in die genre van die Afrikaanse jeugliteratuur.


Aspekte gedek in "'n Pot vol Winter"
Waardes
Egbreuk
Verkragting
Selfmoord
Egskeiding
Tiener Swanger-skap
Seksuele verhoudinge buite die huwelik

***’n Pot vol Winter*** **deur Maretha Maartens bied lesers die geleentheid om blootgestel te word aan die werklikheid van wat vandag se tieners ervaar. Die lewe stel iedereen bloot aan verskeie wreedhede waarop jy nie altyd voorbereid is nie – Sonder insig sal jy as verloorder uit die stryd tree.**

**By die lys van ‘temas’ wat in “’n Pot vol Winter” behandel word, sal dit gepas wees om aspekte soos MIV/VIGS, dwelms, rassisme, diskriminasie en bevooroordeling op grond van ras, klas, geslag en/of ouderdom, te plaas. Hierdie is temas wat met leerders in die Afrikaanse klas, binne konteks van die verhaal, behandel kan word – Tog kan dit ook deurgevoer word na die Lewens-Oriëntering klas waar die nodige vaardighede en inoefening kan plaasvind.**

**In 1992 in die boek verfilm – Die film kan as nuttige mediabron gebruik word om die verhaal en aspekte daarin vir leerders visueel uit te beeld en dit in ’n reële ervaring te omskep.**